

26 Julie 2013

Skrifgedeelte: Markus 1:1-8

Fokusgedeelte: Markus 1:8

Doop met water

As die evangelis Markus die blye boodskap van Christus met ons deel, begin hy by die bediening van Johannes die Doper. Vanuit die Ou Testament dui hy aan dat Johannes die Doper die weg vir Christus moes kom voorberei het. Hierdie voorbereiding van die volk om hulle Verlosser te ontmoet, het gepaard gegaan met 'n oproep tot bekering (verandering van hart) en het uiterlik in die doop met water gestalte gekry. Die waterdoop van Johannes was maar net 'n simbool wat gewys dat hulle skoon gewas en rein is om hulle Koning te ontmoet.

Die werklike afwas van ons sondes het na veel meer gevra as net 'n onderdompeling deur water. Daarom sê Johannes die Doper in vers 8: *"Ek het julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle met die Heilige Gees doop."* Johannes verwys na iemand wat baie groter as hy is, Wie se doop baie kragtiger gaan wees as syne. Hy is nie eers werd om hierdie Persoon se slaaf te wees nie. Die water wys heen na Christus wat deur sy offer aan die kruis ons van alle sondeskuld skoon gewas het.

Waar die water maar net na Christus toe heenwys, bevestig die doop met die Heilige Gees aan ons dat God sy plan van verlossing in ons voltooi het. Opgrond van Christus se soenoffer aan die kruis, woon die Gees in ons en is Hy daaglik besig om meer en meer na die beeld van Christus te vernuwe. Hierdie vernuwende werk van die Gees in God se kinders gee hulle die sekerheid dat hulle in Christus van alles sondes skoon gewas is, want God woon en werk in en deur hulle.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. HJ Stoltz (Bloemfontein-Suidheuwels)